# LAERSKOOL SONOP

## VISIE

Sonop - ‘n veilige hawe,  waar daar gepoog word om ‘n kindvriendelike, gebalanseerde leeromgewing te skep.

## MISSIE

Bogenoemde visie kan deur middel van die volgende missiestellings bereik word:

- Goed opgeleide en gekwalifiseerde opvoeders, wat toegerus is met die nodige karaktereienskappe en lewensingesteldhede, om ‘n hoë akademiese standaard te handhaaf.
- 'n Toegewyde en effektiewe beheerliggaam, bestuurspan, opvoederskorps, interne studente, administratiewe- en terreinpersoneel word hiervoor benodig.
- Motivering van ouers en die gemeenskap om deurlopend hulle verantwoordelikhede ten opsigte van die skool- en skoolaktiwiteite te aanvaar en positief daarby betrokke te bly.
- Leerders moet toegerus en begelei word om optimaal tot selfdenkende en afgeronde individue te ontwikkel.
- Om voldoende geleentheid te skep, sodat leerders wat nie in die hoofstroom kan vorder nie, gekanaliseer kan word na ‘n klas of groep waar hulle volgens hulle vermoëns kan ontwikkel.
- Kultuur- en sportprogramme moet benut word om hierdie doelwitte te bereik.
- Die implementering en uitleef van 'n goedbeplande karaktertransformasie program sodat die son daardeur op almal skyn.